NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Woensdag 10 Mei 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

Indien jy die gemeente finansiëel wil ondersteun, klik hier:

AKTIWITEIT EN BEDIENINGE:
Klik op die blokkie hieronder vir meer inligting. Hou jou dagboek byderhand!

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 28 Mei
Jou persoonlikheid en jou verhoudings

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens Volgende geleentheid is 17 Mei om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00 behalwe gedurende skoolvakansies / langnaweke

PINKSTER
Die Fees van die Gees!
29 Mei - 1 Julie 10:00 en 19:00

KINDEREREDIENSTE
Elke Sondag behalwe langnaweke en skoolvakansies

BLOKBYEENKOMSTE
Blok 2: 14 Mei / Blok 1: 21 Mei
Blok 3: 4 Junie / Blok 4: 11 Junie

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

Liefde, vreugde en vrede

40 Dae Fokus op ons verhouding met *mekaar*

Sondag 14 Mei om 09:00 en 10:30

TEMA: DIE HUISGESIN VAN GOD

Hierdie Sondag fokus ons op die tema:
Die Huisgesin van God *vergewe* mekaar

As God *ons* onvoorwaardelik liefhet, wat sê dit vir ons oor ons optrede teenoor *mekaar*? Jesus sê: "Julle moet mekaar liefhê *soos Ek julle liefhet*." Hierdie stelling het radikale en vêrreikende implikasies! Ons kan nie 'n lewe *liefde, vreugde en vrede* leef as ons verhoudings onderling skipbreuk ly nie. Stukkende verhouding lei tot haat, onvrede en bitterheid.
Kom ons kyk hoe ons ons onderlinge verhoudings kan heelmaak en verbeter.

Hoe kom ek op hoogte met die heel nuutste nuus oor die gemeente, geloofsake en kerklike gebeure?
Deur gereeld Lyttelton-Oos se BLOG te besoek!

Besoek ons Blog

Wat maak ons met die

DA VINCI CODE

Was Jesus getroud gewees?
Was Hy die voorvader van die Franse koningshuis?
Was Hy maar eintlik net 'n gewone mens?
Het die kerk die waarheid oor Jesus al die jare onderdruk?

Dis wat in die boek *The Da Vinci Code* gesê word.
Maar wat is die feite? Vanaand word die feite van die fiksie geskei

19:00 Mosaïek-diens



In die stof van die Rabbi van Nasaret

"'n Talmid (dissipel) moet sy/haar rabbi so nougeset volg dat die stof van sy rabbi se voete hom/haar bedek."
- Joodse gesegde

- Hoe oud was die dissipels?
- Wat se geleerdheid het Jesus gehad?
- Watter soort klere het Jesus gedra?
- Wat moes jy doen om deur 'n rabbi aanvaar te word as sy *talmid*?
- Watter rol het Johannes die Doper in Jesus se lewe gespeel?

Kom loop in Galilea en Judea se stof agter Jesus aan. En kom beleef hoe jou geloof daardeur verryk word!

21 Mei - 11 Junie
Sondae 19:00 (Mosaïekdiens)



Nuwe lig op

OPENBARING

Hoe het die mense van die eerste eeu Openbaring gelees en verstaan?
Wanneer ons hierdie antwoord hoor dan verstaan ons self Openbaring!

13 Augustus - 17 September
Sondae 19:00 (Mosaïekdiens)

Kaart na kerkterein

Laai preke af

KLUB IMMERGROEN Saterdag 10 Junie

RADIOKANSEL

AM 657 KHz

bied aan:

BERNINA

Meisie jy is pragtig!!

Saterdag, 20 Mei '06
08:30 vir 9:00
Bondev Huis, Centurion

'n Bederf-oggend
vir tieners,
hul moeders en
sommer enige vroueling

Met ANRICH HERBST as MC en
LINDIE GOUWS (sëgter van "MY World") as spreker!

Kaartjies @ R90pp
Beskikbaar by:
- Radiokansel
- CUM Boeke; Centurion
- Nelia vd Westhuyzen

- Modevertoning - "what to wear"
- Pryse
- Uitstallings
- Tee en heerlike verversings

Bring jou ma, jou dogter,
jou vriendin,
almal wat wil saamkom!!

NAVRAE: Nelia vd Westhuyzen 084 580 4238 · Zelda Thompson 082 562 2613

Pamphlet Experts: (012) 567 1732

Die Kerk in die Media

Hier is 'n seleksie uit berigte, briewe en rubrieke wat in die media verskyn het die afgelope week wat handel oor die kerk, die christelike geloof en ander godsdienstige sake. Ons verskaf nou ook op ons gemeente se Web Log (Blog) - (www.lytteltontonoos.org.za/blog) skakels na artikels op die web oor kerk en godsdiens. U kan ook inteken op 'n gereelde e-pos wat deur die Algemene Sinode se inligtingsdiens verskaf word deur 'n e-pos te rig aan ngkinlig@mweb.co.za

Kerk het haar in dié 'mall' gevestig

Elsje Büchner,Godsdiens-aktueel; Beeld, 01.05.2006

Dit is 'n voorreg om in ander mense of instellings se stories te mag deel. Hartseerstories laat jou ander kante van die lewe raaksien en weer voorraad opneem. Vasbytstories laat jou oor jou waardes nadink. Vreugde- of suksesstories is weer op hul beurt baie inspirerend. Ons is egter geneig om net deur een soort suksesstorie aangegryp te word. Die groter, beter en blinker stories. Dit is dan meestal dié soort stories wat die ruimte in koerante en tydskrifte met die grusame, dramatiese en kom-ons-blaker-jou-foute-uit-stories kan deel. Inspirerende stories is maar skaars - want hulle verkoop nie so goed soos die blinkes of die sappiges nie.
In die ooste van Pretoria staan meer as 15 groot kerke. Elkeen van dié gemeentes het duisende lidmate, goeie geriewe en lewendige bedieninge. Die meeste kan jou vertel dat hulle groei en dat hul geriewe onder druk is. Bouwerk is op meer as een gemeente se agenda. Duisende mense vestig hulle in dié deel van die stad en waar daar voorheen nog grasveld was, staan daar môre huise. Dit is regtig 'n voorreg om deel te kan wees van 'n groot en groeiende gemeente. Nie dat ons al die antwoorde het nie, want die malls is Sondae vol mense - mense wat verkies om nie kerk toe te gaan nie. Meer as een stem gaan op dat kerke nie noodwendig groter geboue moet bou nie, maar 'n alternatiewe gemeente in 'n mall moet vestig. Ons wonder en stoei nog oor hoe só iets sal werk. Ek is regtig bly oor elke groot makro- en megagemeente se suksesstorie. In die woorde van 'n kollega: "Ons kan nie bekostig dat hier een swak en sukkelende gemeente is nie."
Elke gemeente moet haar plek vol staan en doen wat die Here van ons verwag om te doen. Die werk en mense is baie!
Maar dit is 'n klein plattelandse gemeente wat my in dié dae opgewonde maak oor die kerk en waarvan ek die suksesstorie vandag wil vertel. So drie weke terug glip ek en vriende vir twee dae weg Clarens toe. Ons wil net gaan asemskep en wegkom uit die gewoel van die stad. Clarens laat menige Gautenger se hart week word, want dit is 'n prentjiemooi plek met sy grondpaaie, goudgeel populiere in die herfs, 'n waarskuwingsteken dat jy tog moet uitkyk vir die ganse en 'n interessante hoofstraat vol snuffelwinkeltjies, kunsgalerye en eetplekke. Hier woel dit oor naweke van mense wat rustig saamkuier en drentel van winkel tot winkel. Hier kan jy sorgvry deur die strate stap en vars berglug inasem. Ons drentel ook deur die strate; niks jaag ons nie. 'n Koffietjie op die loom Sondagmiddag sal nou lekker wees. So ontdek ons 'n kunsgalery en koffiewinkel in die sandsteenpastorie langs die bekende NG kerk van sandsteen . Ek wonder onwillekeurig of die kerk dan nou die pastorie verkoop het? En daar ontvou die mooiste verhaal hom toe.
Clarens is 'n klein plattelandse gemeente - 'n familiegrootte kerk. Wanneer 'n boer wegtrek, vermoor word of verkoop, trek daar nie noodwendig nuwe mense in nie. So moet 'n al hoe kleiner groepie mense 'n gemeente onderhou en aan die gang hou. Dit is nie maklik vir die gemeente of predikant nie. Baie van dié gemeentes stoei met die vraag of hulle die predikant nie eerder moet laat gaan nie. Hy of sy worstel maar heel dikwels met die Here oor hoe hulle vir hul gesin moet sorg as die gemeente hulle nie 'n goeie salaris kan betaal nie. Moet hulle nie ook uitwyk stad toe nie, na daar waar al die groot gemeentes is? Dit laat jou stil word as jy besef dat baie van dié klein plattelandse gemeentes se totale begroting kleiner is as een predikant se pakket in 'n groot stedelike gemeente. Clarens se herder het nie geloop nie; hy en sy vrou het 'n plan gemaak en die pragtige pastorie omgeskep in 'n kunsgalery en koffiewinkel. Wanneer die laaste note op die orrel wegklink, begin die koffiemasjien prut en kan menige moeë siel op die ruim stoep sit en koffie drink en tuur na die berge, terwyl die kinders in die ruim tuin rondhardloop.
Só kan hy 'n bestaan maak en vir sy gesin sorg, terwyl die gemeente steeds versorg word en met haar bedieninge kan voortgaan. Hy kom in aanraking met mense wat nooit sy pad sou kruis nie, hy leer 'n ander gemeente ken, hy hoor nuwe gesprekke, hy smee nuwe bande en hy kan op 'n nuwe manier uitreik, omdat die kerk na die markplein toe is. Dié kerk het haarself in die mall gevestig! Ek stap vol inspirasie daar weg. Dit is 'n suksesstorie waarvan die breë kerklike gemeenskap en die wêreld moet kennis neem. Ek besef eensklaps: sukses het baie kante. Ons kan by die kerk op Clarens iets gaan leer.
[Ds. Elsje Büchner is leraar van die NG gemeente Lux Mundi]

Moreletapark wys pad na nuwe tipe NG Kerk

Neels Jackson in Brandpunt; Burger, 03.5.2006

DIE NG gemeente Moreletapark is 'n fenomeen in die kerklike wêreld, en dít nie net omdat dit die grootste gemeente van die NG Kerk is en die grootste kerkgebou in dié kerkverband se geskiedenis betrek het nie. As 'n voorbeeld van 'n kerk wat nuwe en ou dinge op nuwe maniere doen, is dit 'n baie interessante gevallestudie, veral as 'n mens in ag neem dat deur dié kerkverband 'n stoere gereformeerde streep loop waaruit Moreletapark gegroei het. In sommige opsigte staan Moreletapark dwars teenoor die ou maniere van doen. In party opsigte is hy eiesoortig, maar in baie gevalle weerspieël hy tendense wat ook in baie ander gemeentes in die NG Kerk te sien is. Een daarvan is die gebruik van 'n leierleraar. In die tradisionele gereformeerde denke is dit 'n onding. Alle leraars is gelyk. Groot gemeentes het egter agtergekom dat as jy 'n span van vier, vyf of meer dominees het, jy 'n spanleier nodig het. Hy is nie belangriker as die ander nie, maar het 'n leiersfunksie. Dit is al 'n ingeburgerde verskynsel in die NG Kerk, al is daar nog mense wat deur die gedagte ontstel word.
Op 'n ander vlak lê Moreletapark se aanstelling van nie-predikante in predikantsposte. In party mense se oë maak dit seker 'n bespotting van die kerkreg, maar dit vloei voort uit 'n belangrike denkskuif wat Moreletapark gemaak het. Vir die betrokknes (en 'n mens sien dit by al hoe meer NG gemeentes) gaan dit nie oor die kerk nie, maar oor die Koninkryk van God. Toe die beste kandidaat vir hul jeugleraarspos nie 'n dominee was nie, het dit hulle nie gekeer om hom aan te stel nie, kerklike gebruik ten spyt.
Dit hou ook verband met 'n groeiende siening dat dit nie net dominees is wat vir die Here kan werk nie. "Gewone" lidmate het 'n sleutelrol te speel as die kerk 'n verskil in sy omgewing wil maak.
Gemeentes wat só werk, is nie meer "domineeskerke" nie. Met 'n koninkryk-benadering is ook denominasie nie belangrik nie. Daarom kon Moreletapark 'n AGS-pastoor aanstel vir die bediening in Afrika-tale. In party ander NG gemeentes kom dié lae premie op denominasie op 'n ander manier na vore: Hulle noem hulself nie meer "NG gemeentes" nie, maar verwys na hulself as gemeenskapskerke, omdat hulle na die hele gemeenskap wil

uitreik. ’n Mens sien dit ook in die eredienste waar dit lankal nie meer net Afrikaans (en beslis nie net uit die Liedboek) is wat gesing word nie. Ten minste in Moreletapark se geval is dit belangrik, want dit is nie ’n gemeente net vir Afrikaners nie. Daar word ook in Engels getolk. Ook in ander opsigte lyk eredienste só anders dat party mense dit moeilik as gereformeerde dienste sal herken. In ’n tipiese gereformeerde kerk het die kansel immers ’n prominente posisie. Dit is die plek waarvandaan die Woord van God verkondig word, en die sentrale posisie van die kansel is ’n simbool van die sentrale plek wat die Bybel in die kerk inneem.
Baie gemeentes, soos Moreletapark, het nie meer ’n kansel nie. Ook is die preek lankal nie meer die enigste manier waarop ’n boodskap oorgedra word nie. Drama en ander kunste word gebruik, en met dataprojektors word selfs uittreksels uit flieks vertoon om die boodskap tuis te bring. Daarvoor werk Moreletapark se teaterstoele pleks van die gewone kerkbanke nogal lekker. Dit beteken nie dat die Bybel nie meer belangrik is nie. ’n Mens kan dalk verskil oor die manier waarop die Bybel in Moreletapark gebruik word (soos daar oral waar die Bybel gebruik word, debatte is oor hoe dit gedoen word), maar dit word gebruik. Dit speel ’n bepalende rol; daaroor hoef geen twyfel te wees nie. Die simboliek het dalk verander, maar nie die saak waaroor dit gaan nie.
’n Ander baie buitengewone element wat opgeval het in die ingebruiknemingsdiens van Moreletapark se nuwe kerk, was ’n altaar voor in die kerk. In terme van tradisionele gereformeerde simboliek is dit ’n stukkie kettery. Die altaar is immers die plek waar offers gebring word, maar noudat Jesus Christus die finale offer gebring het, is ander offers, en daarmee saam ’n altaar, nie meer nodig nie. Dít is egter nie waarvoor Moreletapark se mense die altaar gebruik het nie. Vir hulle was dit ’n plek waar hulle iets (soos ’n bediening) simbolies voor God kon neersit om daarmee te sê dit word aan Hom toegewy. Oor die meriete van hierdie en baie ander nuwighede, in Moreletapark en in ander gemeentes, selfs oor die teologiese taal wat op sekere plekke gehoor word, sou ’n mens lank kon praat. Wat egter duidelik is, is dat die NG Kerk, ten minste op sommige plekke, nie meer naastenby lyk soos ’n dekade of twee gelede nie.
njackson@beeld.com

KERK - MENSE EN KERK - NUUS

SA ‘moenie God net nader in krisistye’;

Burger, 22.04.2006

PRETORIA. – Suid-Afrika moenie bloot 'n biddag hou oor geweldmisdaad in die land nie, maar ’n dag van verootmoediging voor God. Dit is die voorstel van die Konvent van Reformatoriese Kerke waartoe die drie Afrikaanse susterskerke en ander kleiner gereformeerde kerke behoort. Die konvent sê in ’n verklaring ’n biddag kan die indruk wek dat God net as ’n noodmaatreël ingeroep word wanneer die gemeenskap vasbrand. ’n Nasionale dag van verootmoediging is bedoel om ’n dag te wees waarop gelowiges in hul kerke na die Here vlug en die hele nasie daartoe oproep. Dit kom voort uit ’n diep gevoelde behoefte om by Hom om vergifnis en genade te smeek. Die konvent stel voor dat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke saam met die regering en die konvent op ’n spesifieke weekdag ooreenkom vir so ’n nasionale dag. As ’n weekdag daarvoor opsy gesit word, sal dit toon dat dit vir gelowiges ’n saak van erns is. – (Neels Jackson)

Kerk twis oor pakket

Rapport, 23.04.2006

Die 289 gemeentelede in die Bergsig-gemeente van die Verenigende Gereformeerde kerk in Hanoverpark is in twee kampe gedwing deur hul leraar, ds. Abraham Boer, se “hoogs omstrede” uitdienstredingskontrak. Die twis is so erg dat ’n komitee van beswaardes in die lewe geroep is. Een van die lede van dié komitee sê die gemeente is “nooit ingelig oor die inhoud van die kontrak nie en het nie ’n mandaat aan die drie ondertekenaars gegee nie”. Boer het op 9 April sy laaste preek as herder van die gemeente gelewer. Op 16 Oktober verlede jaar het die gemeente “met skok” verneem dat Boer beplan om af te tree. ... Kaap-Rapport het die “omstrede” kontrak, wat op 30 Maart onderteken is, onder oë gehad. Hiervolgens sal die gemeente R600 000 in paaiemente van R3500 rentevry aan Boer betaal. Boer sal ook “vry woning” geniet van die pastorie in Penlyn Landgoed vir 15 jaar, terwyl die gemeente ’n R300-bydrae tot die elektrisiteits- en waterrekening sal maak. Die gemeente sal ook ’n bedrag van R140 000 by Boer se aftrede betaal ter vereffening van sy pensioenvoordele. Die kontrak het op Vrydag (21 April) in werking getree, toe die gemeente die R140 000 aan Boer moes betaal. Dit is egter nie gedoen nie en volgens die kontrak kan Boer nou “die volle R600 000 eis”. .. Die kerkraad het aan die begin van 2005 toegestem dat die gemeente by Boer se aftrede ’n huis vir hom koop. Die bank wou egter weens die gemeente se onderprestasie nie die lening goedkeur nie en die kerkraad moes dié besluit herroep. Op dokumente word die gemeente as “versukkeldes binne die grense van Hanoverpark” beskryf. Die kerkraad het toe besluit om ’n huis aan Boer te skenk ter aansuiwering van sy pensioenvoordele plus R280 000, maar ook dié voorstelle is nie deur die gemeente goedgekeur nie. ...Dr. Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel, aktuaris van die VGK SA, sê die Bergsig-saak is “nié ’n hoërberoep-saak nie”, en dat sy geen skriftelike appél van die gemeente ontvang het nie. In haar skrywe aan die skriba van die gemeente, mnr. Bradley Jones, sê sy “die regspersoon is in die Gereformeerde kerkreg in die plaaslike gemeente gesetel en nie in die kerkraad nie. Die kerkraad moet op ’n gekonstitueerde kerkraadsvergadering besluit om eiendom te vervreem nadat hulle vooraf toestemming van sy lidmate verkry het.” ... “Uiteindelik belemmer die ongelukkige gebeure die ware roeping van die kerk – sieleroeping,” het ds. Julian Davids, een van die bemiddelaars tussen Boer en die kerkraad, by navraag gesê.

Ebenhaeser grondeis bevoordeel dalk Boesak familie

Rapport, 30.04.2006

Dr. Allan Boesak en sy familie sal dalk bevoordeel word deur die Ebenhaeser-gemeenskap se grondeis, waarin 53 kommersiële plase van meer as 1 500 ha aan die Olifantsrivier in die gedrang is. Boesak sê grond is van groot belang en Ebenhaeser lê hulle na aan die hart. "Ons sal graag ons familiegrond wil terughê." ... Die Boesaks is ook by 'n grondeis naby Carnarvon betrokke. Vrydag was die sperdatum vir die voltooiing van die lys van mense wat meen hulle het 'n regmatige aanspraak op grond vir dié groot eis.
Sowat 1 500 mense het al aansoeke ingevul en hoewel die sperdatum verby is, meen mnr. Pieter Love, voorsitter van Ebenhaeser se transformasiekomitee, dit kan tot 2 500 toeneem. "Die nasate van die oor spronklike inwoners van Ebenhaeser woon wyd verspreid en ons sukkel nog om almal op te spoor," verduidelik mnr. Gerald Claasen, konsultant van die departement van landbou wat vir die opstel van dié lys verantwoordelik is. Hy moet aansoekers nog so ver as Pniel, Mamre en in die Richtersveld gaan besoek. Volgens mnr. Bertie Conradie, voorsitter van die Lutzville- grondforum, wat die sowat 35 eienaars verteenwoordig van die 53 eiendomme wat deur die eis geraak word, voel die boere weer positief nadat hulle einde verlede jaar gemeen het die staat doen nie sy woord gestand nie. ..."Me. Jansen het ingestem om ons voorstel te aanvaar dat al die rolspelers bymekaar gebring word sodat ons gesamentlik 'n ontwikkelingsplan kan opstel waarin 'n ekonomies volhoubare toekoms vir almal die oorkoepelende doelwit is. Ons is opgewonde oor die feit dat die streekkommissaris besef ons het hier 'n geleentheid om 'n model-oplossing en wen-wen-situasie te bewerk wat as motiverende voorbeeld vir die res van Suid- Afrika kan dien," sê Conradie. Die Ebenhaeser-grondeis spruit uit 'n omstrede grondruiltransaksie van 1925 waarby die NG Kerk en Rynse Sendinggenootskap betrokke was. Die Ebenhaeser-gemeenskap het 3 485 ha grond aan die oewer van die Olifantsrivier vir onder meer 11 045 ha weigrond verruil. Afhangend van hoe die geskie denis vertolk word, meen sommige dat die ruiltransaksie geregverdig en wettig was,

maar die gemeenskap van Ebenhaeser voel hulle is hul grond kwyt sonder dat hul voorsate tot die transaksie ingestem het. ...

Valsbaai-streek kry sy eie biskop

Burger, 28.04.2006

KAAPSTAD. – Verskeie hooggeplaastes, onder wie emeritus-aartsbiskop dr. Desmond Tutu, het gister die wyding van biskop Merwyn Castle as die hoof van die bisdom van Valsbaai op Stellenbosch bygewoon. Die diens is gelei deur die Kaapse aartsbiskop Njongonkulu Ndungane en het in die DF Malan-saal plaasgevind. Castle het die geleentheid as "wonderlik en geseënd" beskryf. "Ek voel baie opgewonde oor hierdie nuwe rol, maar ook baie bevoorreg en nederig omdat die mense my verkies het." Die geleentheid is bygewoon deur verskeie biskoppe en verteenwoordigers van kerke in die Valsbaai-omgewing. .. Die streke van Valsbaai en Saldanhabaai het verlede jaar toestemming gekry om onafhanklike bisdomme te word. Eerw. Matthew Esau van die Holy Redeemer-kerk in Seepunt het gesê die bisdom van Kaapstad is reeds etlike jare gelede in verskillende streke met streeksbiskoppe opgedeel. Dié streke het eers verlede jaar outonoom geword. "Dit was 'n baie groot oomblik, 'n keerpunt vir die kerk." .. "Die feit dat die bisdom van Kaapstad nou in kleiner eenhede verdeel is, beteken dat daar meer geleentheid vir groei en evangelisasie sal wees. "Dit is moeilik om 'n gebied te monitor wat te groot is, en dit sal nou moontlik wees om 'n meer praktiese, effektiewe rol te vertolk, veral ten opsigte van ontwikkelingskwessies," het Castle gesê. PIA Nänny

Leon kap Tutu oor 'wittes en skuld'

Burger, 29.04.2006

Die DA-leier, mnr. Tony Leon, het gister sy kommer uitgespreek oor emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu se onlangse betoog dat wittes meer moet doen om hul skuld teenoor swart Suid-Afrikaners te erken. "Hierdie kommentaar pla omdat dit die opvatting vir gesamentlike skuld vir apartheid skynbaar steun," skryf Leon in sy weeklikse brief SA Vandag. "Dit is juis hierdie dwaling wat Tutu self as voorsitter van die Waarheid-en-versoeningskommissie teengestaan het. Die probleem met die opvatting van gesamentlike skuld, gesamentlike slagofferskap en gesamentlike herstel, is dat mense sonder skuld gestraf en mense wat nie gely het nie, beloon word. ..(Anesca Smith)

English archbishop comes up for hoodies

IOL, 03.05.2006

The Archbishop of York has defended young people who wear hooded tops - popularly known as hoodies. Britain's first black archbishop, Dr John Sentamu, wore a red hoodie - given to him by teenagers from the Birmingham diocese - as he addressed a Bradford Diocese conference on youth work. He urged people not to judge those who wear hoodies, saying that "99 percent of those who wear hoodies are law-abiding citizens". It's not the first time the second most senior clergyman in the Church of England has broken with tradition. At his inauguration in 2005, he invited bare-chested dancers and pounded out a beat on a set of African drums; and at Easter, he performed outdoor baptisms in which the faithful were completely immersed under water. - Ananova.com

KERK - NUUS IN BREëR KONTEKS

Buddhist mob 'burns church'
News24.com; 02/05/2006

Phnom Penh - Some 300 Buddhist villagers, apparently angered by a rival faith within their community, have razed a partially built Christian church to the ground, near the Cambodian capital, says an official on Tuesday. Ros Sithoeun, a representative of the area's Christian community, said that in a rare act of religious intolerance, the mob chanted "Destroy the church!" and "Long live Buddhism!" as it descended upon the unfinished Protestant Church on Friday in Boeng Krum Leu, 30km east of Phnom Penh.
Che Saren, the chief of Lvea Em district, said the Buddhists felt threatened by the visible presence of another faith. The church would have been the area's second, but there was only one Buddhist pagoda to serve the spiritual needs of the overwhelmingly Buddhist community. ...The building was nearing completion when the villagers destroyed it with hammers and sticks. The structure - situated only 700 metres from the Buddhist pagoda - was torn down and the rubble torched by the mob. ...The Christians had not complained to the police - neither to recoup the lost investment in the now defunct church, nor to demand the arrest of the mob. Saren said that the two sides came to a peaceful compromise after authorities gave them a lecture on the law of religious freedom. Cambodian Buddhists, which made up more than 90% of the population, were generally tolerant of other religions and all faiths had been allowed to freely practice in Cambodia, except during the Khmer Rouge era after adherents to all religions were persecuted.

'Western media attacks Muslims'

NEWS24.com, 02/05/2006

Kuala Lumpur - The Malaysia information minister has accused the Western media of carrying out a campaign against Islam. Minister Zainuddin Maidin claimed the recent publication of cartoons of the Prophet Muhammad aimed to antagonise Muslims and distract them from other issues. Speaking at a seminar for journalists from Islamic countries, Zainuddin said the international press often misinterprets Islamic tenets and spreads stereotypes of Muslims "as terrorists or religious extremists or even suicide bombers". Zainuddin said: "There is no denying that there is an agenda to belittle Islam and Muslims among certain quarters in the West, using the media. "Various tactics, including deception, are used in the onslaught against Muslims to work up their emotions, because these people know full well that Muslims would respond in agitation when their religion is attacked." ...Malaysia recently spearheaded an internet-based news service, that pools the resources of dozens of developing countries to provide an alternative to Western media.

A second look: Sport and religion

Mail and Guardian, 28.05.2006

Is soccer part of African culture? This is a question I often pose to my students, and I found myself thinking about it again upon reading John Matshikiza's silly piece about David Livingstone ("Shoot the messenger", April 21). My question may itself seem rather silly, except for the fact that soccer was brought to Africa by the same colonial "bastards" who brought Christianity. In fact, soccer came 100 years later, and was allied to a much more naked form of the industrial expropriation of black labour. But, and this is the point, Africans (and others in the colonised world) took this European game and made it our own. We developed our own teams, leagues, styles, energies, passions and heroes. So, within 100 years, something completely unknown in Africa has become an integral part of African culture. The issue in this sporting illustration is the agency of African people. A recognition of the ability to take from elsewhere, negotiate significance, reconfigure meaning and redefine the paradigm.
Now it is precisely this creative agency of African subjects of history, rather than the religious institutions of the north, that Matshikiza has denigrated in his myopic take on "an illogical, imported religion called Christianity". He is not alone, for it would seem to me that this fundamental theme is the one that was surprisingly ignored in the focus on religion in the Easter issue of the M&G. Matshikiza and the others proceed as if there is this definable "thing" called Christianity, rather than an entire range of contested Christianities, and that Africans themselves are active agents in the contest. If soccer is part of African culture, then Christianity is an African religion. But reading the M&G you would never notice that! ... African Christianity is alive and well and totally immune to anything written in the M&G, ... There are millions of African people who have taken the Gospel promoted by people like Livingstone and seen in it something other

than colonial legitimation. And in so doing perhaps we African Christians have rescued the tradition from its own colonial captivity.
...Steve de Gruchy is professor of theology and development at the school of religion and theology at the University of KwaZulu-Natal [Volledige berig by ngkinlig@mweb.co.za]

Kom môre, kom vrede?

Beeld, 26.04.2006

'n Politikus met die reputasie dat hy 'n radikale Islam aanhang, loop voor in die verkiesing in die Comore. Mnr. Ahmed Abdallah Sambi, algemeen bekend as "Ajatollah" weens sy godsdienstige oortuigings, het die meeste stemme gekry van die drie top-kandidate in die eerste ronde van die stemmery op 16 April. Dié drie ding nou aanstaande maand mee om die presidentskap van dié eilande in die Indiese Oseaan. Waarnemers meen wie ook die verkiesing wen, het 'n reuse-taak om die twis en wantroue tussen die eilande te herstel. Sambi, wat glo heelwat steun op grondvlak het weens sy jare lange betrokkenheid by Moslemkwessies, het 23,7% van die stemme op hom verenig, het 'n woordvoerder van die Afrika-unie (AU) se ondersteuningsending na die verkiesing (Amisec) gesê. ..."Die verkiesing verteenwoordig 'n belangrike stap in 'n lang proses van nasionale versoening. "Dit is die eerste verkiesing ingevolge die nuwe grondwet (ná die 2002-verkiesing) wat regtig die besluite oor 'n roterende presidentskap in werking stel," sê me. Guiseppina Mazza, VN-verteenwoordiger in die Comore. Die verkiesing, wat daarop gemik is om die bose kringloop van staatsgrepe en politieke twis te beeindig, is inderdaad die eerste groot toets vir demokrasie in die eilandgroep sedert onafhanklikheid van Frankryk in 1975. ... Weens die eilandgroep se geskiedenis van politieke geweld en onstabiliteit is die weermag tydens die verkiesing vandeesmaand tot barakke beperk. ... 'n Suksesvolle verkiesing kan die eerste stap wees in dié heropbouproses. ... IRIN (Verenigde Nasies nuusdiens)

RONDOM ONS IN ONS WêRELD

Skokkende kosnood

Volksblad, 20.04.2006

Skokkende toestande waar talle Bloemfonteinse bejaardes letterlik nie meer die R7 twee keer per week kan bekostig om by Mobiele Etes vir Bejaardes kos te kan koop nie en gevolglik kos gratis moet kry, en verhongerde Bloemfonteinse skoolkinders wat ook nou by Mobiele Etes vir Bejaardes kos by skole moet kry. . . By een van Bloemfontein se skole selfs al die kinders in die skool! So skets mev. Maureen Oosthuizen, professionele geldinsamelaar van Mobiele Etes vir Bejaardes, die somber prentjie waarmee sy daagliks te make kry en wat haar nou noop om 'n Harte vir Hongeres-projek te begin om hopelik meer skenkings van die gemeenskap te kry. Oosthuizen sê in Bloemfontein is hul tak in Fairviewstraat geleë. Altesaam 520 borde kos word van deur tot deur twee keer per week afgelewer. Meer as 80 etes word ook twee keer per week in hul sentrum gelewer. 'n Gemeenskapsentrum met aktiwiteite bestaan by die adres, wat 'n biblioteek insluit. Elke jaar word bejaardes vir wie dit moontlik is na die sentrum vir die jaarlikse Kerspartytjie gebring. Hier ontvang elke bejaarde 'n klein geskenkie en agterna word hulle weer veilig by hul tuiste besorg.... Kos word voorberei in spesiaal toegeruste kombuise van Mobiele Etes. Etes word dan afgelewer deur 'n spesiale afleweringsvoertuig wat beman word deur 'n bestuurder en "hopper". "Hoppers" lewer nie net die borde kos af nie, maar verleen ook 'n simpatieke oor aan die eensames en bied leiding, raad en hulp waar dit ook al nodig mag wees. Oosthuizen sê die bejaardes floreer op waardige behandeling. "Waardigheid is 'n soet vrug vir ons wat omsien na die bejaardes en nou selfs die skoolkinders, en daarom poog ons altyd om die vrug te bewaar." ..... Sy sê om hul liefdesdiens van die afgelope 34 jaar te kan voortsit en om tekorte aan te vul, het hulle met die hartjie-projek begin. "Ons het klein, veelkleurige hartjies (17 mm by die breedste punt) wat met 'n speldjie aan die agterkant vassteek. Die hartjies is verpak in plastieksakkies, elk met 'n gediggie. Ons verkoop die pragtige hartjies teen R10 elk. Al die geld wat ingesamel word, word gebruik om kos/kruideniersware aan te koop om maaltye mee voor te berei. Ons 'agente' verdien R2 met elke hartjie wat hulle verkoop. Ons wil ook graag nou die skole betrokke maak en sal aan die skool R2 teruggee vir elke hartjie wat verkoop word." Oosthuizen sê die projek is die ideale veldtog om op 'n goedkoop, maklike en gemeenskapsbewuste manier geld vir die skool, Kerspartytjie vir die kantoor, klubgeld en ander projekte in te samel waar geld benodig word. "As geldblikkies op toonbanke diere-wesies kan versorg, is ons seker dat ons Harte vir Hongeres-projek geen probleem sal wees nie." Mense wat op enige manier bereid is om te help - selfs met maandelikse aftrekorders of om 'n bejaarde of skoolkind "aan te neem" kan Oosthuizen bel by 082-894-3013 of 430-4251. Marietjie Gericke

Gratis porno-TV kom dalk na SA

Burger, 22.04.2006

Gratis pornografiese satelliet-TV. Dít is een van die moontlikhede wat die Europese pornografie subskripsiediens Don't Panic TV (DPTV) oorweeg nadat die hooggeregshof 'n stokkie gesteek het voor die verkoop van DPTV-slimkaarte deur 'n plaaslike verspreider. 'n Aansoek van dié verspreider, OtherChoice, is gister met koste in die Pretoriase hooggeregshof van die hand gewys. OtherChoice het 'n verklarende bevel van die hof gevra dat hy DPTV- slimkaarte hier sonder 'n uitsaailisensie kan verkoop. Dié aansoek is deur die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa) en MultiChoice teengestaan. Mnr. George Horn, eienaar van OtherChoice, het in reaksie op die hooggeregshofbeslissing gesê hy hoop DPTV saai voortaan gratis hierheen uit "sodat mense se oë kan oopgaan". "Hoe gaan hulle 'n gratis diens verhoed om van oorsee af hierheen uit te saai? Dán wil ek sien hoe spring hulle." Horn het dié moontlikheid reeds met DPTV bespreek. OtherChoice het nog nie besluit of hy teen die uitspraak gaan appelleer nie. Indien 'n appèl misluk, kan DPTV óf besluit om gratis hierheen uit te saai óf om by Okosa aansoek om 'n uitsaailisensie te doen. Regter Ben du Plessis sê in sy uitspraak wetgewing vereis dat uitsaaiers wat vanuit en na Suid-Afrika uitsaai oor 'n uitsaailisensie moet beskik. DPTV kan dus nie hierheen uitsaai nie. Omdat OtherChoice se aktiwiteite DPTV in staat stel om onregmatig hierheen uit te saai, is sy verkoop van slimkaarte ook onregmatig. Du Plessis sê in sy uitspraak hy weet nie of 'n doeltreffende manier bestaan om te verhoed dat gratis programme uit die buiteland in 'n verstaanbare formaat in Suid-Afrika uitgesaai word nie. Net omdat 'n onregmatige aktiwiteit soos dié dalk nie verhoed kan word nie, beteken dit egter nie dat iets wat wel verhoed kán word – OtherChoice se verkoop van slimkaarte – regmatig is nie. Woordvoerders van Okosa en MultiChoice het gesê hulle sal kommentaar lewer sodra die uitspraak bestudeer is. DPTV het drie "volwasse" en twee musiekkanale. Horn het gesê die "volwasse" kanale vertoon nie seksueel eksplisiete materiaal nie, maar materiaal "wat 'n mens in 'n volwasse winkel sou kry". Liesl Pretorius

Tannie Fina sal gemis word

Volksblad, 26.04.2006

'Fina se dood los 'n paar skoene wat nie maklik gevul kan word nie," sê me. Bertha van Zyl, maatskaplike werker by NG Kerk Kinderhuis Noord-Kaap, Kestell-kampus. Tannie Fina du Plessis, soos die kinders haar geken het, is Vrydag 14 April in 'n motorongeluk tussen Kimberley en Bloemfontein dood. "Fina was amper ses jaar lank 'n kinderversorger by Huis Brink. In die week het sy omgesien na 15 meisies 12 jaar en jonger en oor 'n naweek na al 30 kinders in die huis. "Niks was vir haar te veel moeite nie. Sy het nie omgegee om tou te staan as 'n kind kliniek toe moes gaan of om geld in te samel vir projekte nie. "Met die seevakansies was Fina die een wat die borge agtermekaar gekry het en alles gereël het. ... Dié ma van vele het self ook geld ingesamel om die huis bietjie op te knap en het van ou gordyne nuwe gordyne gemaak. "Die kinders wat hier woon, het nie een 'n maklike lewe gehad

nie, en nou is die tannie wat hulle gehelp het met huiswerk, hulle trane afgevee het en seker gemaak het hulle het alles wat hul nodig het, weg. "Fina was 'n goeie leermeester en 'n moeder vir ons almal." Anneke du Toit

SA instansies taai met inligting

Volksblad, 01.05.2006

Suid-Afrika se Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (bekend as die PAIA) kan miskien as die "goue standaard van Afrika" vir inligting bestempel word, maar in werklikheid is daardie goudglans maar baie dof. In 'n gesaghebbende peiling van die Open Democracy Advice Centre (Odac) wat pas onder die titel The right to know in South Africa, gepubliseer is, sê Odac dat die peiling in 14 lande gedoen is om te bepaal hoe maklik dit werklik vir sakeinstansies, ondernemings en die publiek is om inligting uit staatsinstellings te kry. Van die lande is Frankryk, Kenia, Nigerië, Spanje, Bulgarye, Roemenië, Peru en Suid-Afrika.
"In die peiling wat oor ses maande gedoen is, is 140 versoeke vir inligting by 18 openbare instellings ingedien. Die versoeke is deur sewe verskillende instansies uit uiteenlopende dele van die gemeenskap ingedien. Die versoeke het aan die vereistes van die wet voldoen." In Suid-Afrika is net 13% van die versoeke binne 30 dae beantwoord, soos die PAIA vereis. 'n Totaal van 63% van die versoeke is geïgnoreer. "In 4% van die gevalle was die terugvoering dat die inligting nie gehou word by die instansie waar aansoek daarvoor gedoen is nie." "Stom" reaksie op versoeke – waar 63% van die versoeke in Suid-Afrika net bloot geïgnoreer is – vergelyk sleg met die gemiddeld van 47% van die totale peiling, sê Odac. Om sake nog meer te vertroebel, het Suid-Afrika in dié peiling slegter gevaar as in die vorige jaar se soortgelyke peiling, toe "stom" reaksie op versoeke in Suid-Afrika 52% was. Die beste vertonings van plaaslike instansies aan wie versoeke vir doeleindes van die peiling gestuur is, is deur die howe gelewer. Kort op hul hakke was ses munisipaliteite as verteenwoordigers van plaaslike regeringinstellings. Ses nasionale regeringsdepartemente het baie swak gevaar deur net inligting in 11% van die versoeke te verskaf. Maar twee semi-staatsorgane, Eskom en Umgeni-water, het heel onder aan die lys geëindig deurdat hulle hoegenaamd nie op versoeke om inligting gereageer het nie. "Een van die feite wat die peiling bewys, is dat daarteen gewaarsku moet word om die PAIA op te hemel, maar te vergeet dat om 'n wet te aanvaar, nie beteken dat mense dan werklik maklik toegang tot inligting sal hê nie."

"Those without deep understanding of technology and gadgets"

IOL, 01.05.2006

San Francisco - US Internet search giant Yahoo launched an online resource centre on Monday for people baffled by electronic gizmos and gadgets that were supposed to make their lives easier. The Yahoo Tech website at tech.yahoo.com features technology advice for "moms, boomers, or working guys" in 19 categories including mobile telephones, digital cameras, computers and MP3 players. The site invites users to submit a pitch to be chosen for a "tech makeover" on a reality television show by the Hollywood producer of Who Wants to be a Millionaire. To access the site, visitors must be registered Yahoo members. Registration is free of charge. The website was crafted for "those without deep understanding of technology and gadgets", according to the Sunnyvale, California, company. "Personal technology has become essential to our daily lives, but the growing number of product choices often confuses and overwhelms most consumers," Lloyd Braun, head of Yahoo's media group, said in a release. "We created Yahoo Tech to make life a little less complicated for our users." Site features included product reviews and ratings as well as tools to compare prices and shop for items. Yahoo Tech was taking on the Digital Lifestyle site hosted by its Sunnyvale neighbour America Online and the MSN Tech and Gadget site run by Microsoft in the state of Washington. - Sapa-AFP

Regtelike Speletjies

Burger, 29.04.2006

Miljoene mense het hulle in vele tale deur die doolhof van bespiegeling en beweerde geheime kodes in Dan Brown se topverkoper The Da Vinci Code laat meesleur. Soveel van hulle het hulle selfs in só 'n mate tot 'n aanvaarding van die historiese korrektheid van Brown se samesweringsteorie oor Christus se sekslewe laat verlei dat die Vatikaan die boek as ongewens bestempel het. Selfs regter Peter Smith van die Chancery-afdeling van die Engelse Hoë Hof in Londen kon nie die versoeking weerstaan om aan die "in"-grap deel te neem nie, en dit nogal in sy hoogs ernstige uitspraak van 7 April 2006 oor beweerde outeursregskending. ...Indien u wil deelneem, kan u die volledige uitspraak aflaai by www.hmcourts-service.gov.uk onder die naam Baigent and Leigh v The Random House Group. Daar is 'n nuwe geheime kode, en dit heet die "Smithy-kode". Dit is dié van regter Peter Smith, wie se onlangse uitspraak oor Dan Brown se beweerde outeursregskending heelwat meer bevat as wat met die eerste oogopslag blyk. Andreas Van Wyk vertel meer.

'Peperment' van antieke tekste

Burger, 21.04.2006

IN die verlede sou baie leke waarskynlik visagtig gestaar het na 'n kenner van antieke tekste: iemand soos prof. Johann Cook van die Universiteit Stellenbosch wat totaal begeesterd raak oor esoteriese manuskripte en tale soos Kopties wat deur die vroeë Christelike kerk gebruik is. Deesdae, danksy prulskrywers soos Dan Brown, het die vroeë Christelike geskiedenis egter skielik 'n skemerkelk-sensasie geword. Verál sedert die onlangse onthulling van die sogenaamde Evangelie van Judas. Noem jy nóú die woordjie "Kopties", knik selfs die halsstarrigste leek. Dít is immers die taal waarin dié geskrif oor die mees gehate karakter in die geskiedenis van die Christendom geskryf is. Juis dáárom dat Cook, kenner van nie minder nie as ses antieke tale en internasionaal gerekende tekskritikus, die laaste tyd pal deur joernaliste gepla word. Al ís hy dalk ietwat minder geesdriftig as ander geleerdes oor dié wyd besproke vonds. ...
K 28473: Die Wederkoms, weer en weer; Rapport, Perspektief, 23.04.2006
In die afgelope twee of drie eeue, die era van denke en wetenskaplikheid, moes die vraag oor wanneer Christus se beloofde wederkoms dan sal wees, beantwoord word, juis omdat Hy wegbly. Een gewilde antwoord is: Jesus kom baie keer. Christo Lombaard ontleed dié benadering ...

Seks, Politiek, die Bybel en ons

Rapport, 30.04.2006

Juis in die dae dat die Zuma- verhoor weer eens die aandag op geweld teen vroue vestig, is Allan Boesak se boek, Die vlug van Gods verbeelding, met die Andrew Murray-prys bekroon as die beste Afrikaanse Christelike boek. Dit handel oor 'n aantal Bybelse vrouefigure se belewenisse as randfigure en in hierdie artikel skryf Boesak oor Tamar, wat deur haar halfbroer verkrag is en oor haar besondere betekenis vir SA vandag. ...

Saambly kry dalk regstatus van huwelik

Rapport, 23.04.2005

Planne om huweliksregte na saamblypare uit te brei, word deur geslags- en godsdiens-kenners bestempel as 'n mylpaal in pas met die grondwet wat diverse geloofs- en kultuurgemeenskappe betref. In 'n besprekingsdokument deur die SA Regshervormingsraad word voorgestel dat mense wat langtermyn-verhoudings het, dieselfde beskerming as getroudes geniet. ...

Berlynse sending onder die Venda

Burger, 29.04.2006

BOEKRESENSIE: Alan Kirkaldy se pas

verskene boek Capturing the Soul: The Vhavenda and the Missionaries 1870–1900 (Protea Boekhuis) lewer 'n belangrike en interessante bydrae tot die geskiedskrywing van die Venda. [Boekresensie] deur INA VAN ROOYEN, 'n afgetrede bibliotekaris en historikus van Nature's Valley, vertel meer oor die nuutste toevoeging tot die bibliografie oor die Venda. ...

TEN SLOTTE

Oom trap 620 km grondpad vir Bybels

Burger, 01.05.2006

ABERDEEN. – Stokstyf en seerboud. Dít is hoe oom Dammetjie Rossouw, skaapboer van Murraysburg se wêreld, vandag sy 75ste verjaardag gaan vier. Maar gister het hy darem sy grootste geskenk gekry – die smaak van sukses. Tussen salpeter en spiere "wat nie meer wil oortrap nie" (soos hy self), maar tog. Hy is een van agt uit 'n groep van meer as 70 fietsryers wat die afgelope vyf dae 620 km Karoo-paaie platgetrap het op bergfietse. Nie teerpad nie, grondpad. Nie sonsambrele en waterpunte nie, maar vasbyt en aanhou trap. Van Nieu-Bethesda na Murraysburg, waar die hoogtes tot 1 100 m bo seespieël geklim het, deur na Rietbron en toe weer Steytlerville toe. Die Sondag van Steytlerville na Jansenville het hulle bietjie geloaf, soos ds. Jurie Wessels, NG predikant van Aberdeen, sê. "Toe het ons net 55 km getrap, want ons moes almal eers die erediens bywoon." Mnr. Ben Fourie, streekhoof van die Bybelgenootskap in die Oos-Kaap, het die diens gelei. En, sê hy, hy was maar alte bly 'n man moet staan en preek. Hy weet nie hoe al die ander stilgesit gekry het op die harde kerkbanke nie.
Die strawwe fietstoer is aangepak vir Bybelverspreiding. Die meeste ryers, en veral oom Dammetjie, is per kilometer geborg. Wessels sê as hy nou vinnig in die kollektesakkie loer, is 'n stewige R50 000 al ingesamel. Dis ook hy wat met die fietsry-insamelingsplan na vore gekom het. Heel eerste met oom Dammetjie gaan praat oor die ryery. "Dis reg so broer, dan trap ons," het oom Dammetjie geesdriftig geantwoord. Immers het hy al 'n Argus-fietstoer of wat agter die blad gehad, maar 'n maand voor die tyd was hy nie meer so seker nie. Toe hy dit vir ds. Wessels sê, wou dié summier die toer kanselleer. Toe gaan ry oom Dammetjie maar. "Ek het regtig nie gedink hy sal dit al die pad maak nie," het Wessels gister ná afloop van die fietstoer op Aberdeen gesê. "En kyk, nou hy is een van die sewe of agt wat elke kilometer getrap het. Op Murraysburg al het die mense gesê hy kan bly as hy wil, maar hy het net gelag." Oom Dammetjie sê weer as dit nie was vir Helena, sy wederhelf van die afgelope 50 jaar wat al die pad sy ondersteuningspan was nie, weet hy nie wat sou gebeur nie. "Kyk na hom. Sy boude is nou stukkend gery," lag Helena goedig toe die groot ry agter die rug was. "Hy sê hy trap sy kop oop as hy so ver ry." "Ja," sê oom Dammetjie.
"Ek sukkel met depressie en fietsry help daarteen. Maar hierdie was 'n lang trippie vir 'n ou wat al amper uitgegroei is."
Maar hy het darem twee jaar kans om te rus. Die volgende fietstoer, die Sprekende Speke gee die Woord Wiele-toer, word dán eers weer gehou. Gaan oom Dammetjie dan weer ry? "Nee, ek dink gholf sal beter wees." Mariska Petzer-Spoormaker